

**Skrifgedeelte: Spreuke 30:29-33 (AFR53)**

**Fokusgedeelte: Spreuke 30:29-31**

**Koninklik beeld van die Koning**

Deur die Leeu uit Juda, die Lam wat vir ons geslag is, is ons tot konings en priesters gemaak wat as konings op die aarde heers (Op. 5). Nie magtelose verloorders binne 'n wêreld van onreg, pyn en lyding nie.

Kyk, sê die Heilige Gees, in die Bybel (Spr. 30:29 – 31) na wat God bekendmaak in sy skepping. (NGB Art 2 noem die twee middele waardeur God Hom openbaar).

Die leeu, wat ons ken as koning van die diere, en die perd opgesaal met buikgordel, en die bokram loop met koninklike statigheid. Die leeu loop met vaste treë. Oorwinningsstreë. Hy draai nie weg soos 'n verloorder nie. Die perd, omgord met buikgordel, sy heupe omgord met spiere, loop met koninklike waagmoed in die oorlog in. Die bokram loop met koninklike trots, spoggerig, voor sy kudde ooie. So loop die koning as leier voor sy weermag: met waagmoed, met trots, oorwinnend. Die wysheid is nie om hoogmoedig te wees nie. Hoogmoed loop baie keer op twis uit. Die wysheid van die gelowige is om in hierdie wêreld te leef wat deur Christus gemaak is. Met waagmoed, want Christus het die wêreld klaar oowin (Joh. 16:33). Roem in die hoop op die heerlikheid van God, omdat God sy liefde deur die Gees in ons harte uitgestort het (Rom. 5). Oorwinnend, omdat ons in Christus meer as oorwinnaars is (Rom. 8). In die vaste lewenstreë is ons koninklik beeld van die Koning van alle konings.

*Sing: Psalm 72-1:1, 6*

*Ds. CA Jansen (Carel) (Secunda)*